Heidelbergse Kategismus

Sondag: 4

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 4

Vraag 9: Doen God die mens dan nie onreg aan as Hy in sy wet van hom eis wat hy tog nie kan doen nie?

Antwoord: Nee, want God het die mens so geskep dat hy dit kon doen. Maar die mens het homself en sy hele nageslag as gevolg van die aanhitsing van die duiwel en deur moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes beroof.

Vraag 10: Wil God hierdie ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?

Antwoord: Nee, glad nie; inteendeel, sy toorn is verskriklik sowel oor die erfsonde as oor die sonde wat ons self doen: Hy wil dit in die tyd en in die ewigheid met 'n regverdige oordeel straf. Hy het immers gesê: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie.

Vraag 11: Is God dan nie ook barmhartig nie?


Antwoord: God is wel barmhartig; maar Hy is ook regverdig. Daarom eis sy geregtigheid dat die sonde wat teen die allerhoogste majesteit van God gedoen is; ook met die swaarste straf gestraf moet word – dit is met die ewige straf aan liggaam en siel.

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 4

Vraag 9: Doen God die mens dan nie onreg aan as Hy in sy wet van hom eis wat hy tog nie kan doen nie?

Antwoord: Nee,




Genesis 1:26–27: God het gesê: "Laat Ons mense maak na ons beeld, as ons afbeelding, sodat hulle kan heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel, die diere en oor die hele aarde, en oor al die kruipende diere wat op die aarde rondbeweeg." God het die mens geskep na sy beeld, na die beeld van God het Hy hom geskep, manlik en vroulik het Hy hulle geskep.

Efesiërs 4:24: Ja, trek die nuwe mens as kleed aan, wat in ware geregtigheid en heiligheid in ooreenstemming met God geskep is.

Vraag 9: Doen God die mens dan nie onreg aan as Hy in sy wet van hom eis wat hy tog nie kan doen nie?

Antwoord: Nee, want God het die mens so geskep dat hy dit kon doen.



Genesis 3:13: Die HERE God vra toe vir die vrou: "Wat het jy nou gedoen?" Die vrou het geantwoord: "Die slang het my bedrieg, en ek het geëet."


1 Timoteus 2:13–14: Adam is immers eerste geskep, daarna Eva. En Adam is nie mislei nie, maar die vrou het haar laat mislei, en het 'n oortreder geword.

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 4

Vraag 9: Doen God die mens dan nie onreg aan as Hy in sy wet van hom eis wat hy tog nie kan doen nie?

Antwoord: Nee, want God het die mens so geskep dat hy dit kon doen. Maar die mens het homself en sy hele nageslag as gevolg van die aanhitsing van die duiwel



Genesis 3:4–6: Die slang sê toe vir die vrou: "Julle sal beslis nie sterf nie. Maar God weet dat die dag wanneer julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan. Dan sal julle word soos God, wat goed en kwaad ken." Die vrou sien toe dat die boom goed was om van te eet, dat dit 'n lus was vir die oog, en dat die boom begeerlik was om 'n mens insig te gee. Sy het van die vrugte daarvan geneem, dit geëet en ook vir haar man by haar gegee, en hy het geëet.

Romeine 5:12: Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld gekom het en as gevolg van die sonde die dood, so het die dood ook tot alle mense deurgedring, omdat almal gesondig het.

Vraag 9: Doen God die mens dan nie onreg aan as Hy in sy wet van hom eis wat hy tog nie kan doen nie?


Antwoord: Nee, want God het die mens so geskep dat hy dit kon doen. Maar die mens het homself en sy hele nageslag as gevolg van die aanhitsing van die duiwel en deur moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes beroof.

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 4

Vraag 10: Wil God hierdie ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?

Antwoord: Nee, glad nie; inteendeel, sy toorn is verskriklik




Genesis 2:17: maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie, want die dag wanneer jy daarvan eet, sal jy beslis sterf."

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 4

Vraag 10: Wil God hierdie ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?

Antwoord: Nee, glad nie; inteendeel, sy toorn is verskriklik sowel oor die erfsonde as oor die sonde wat ons self doen: Hy wil dit in die tyd en in die ewigheid met ’n regverdige oordeel straf



Eksodus 20:5: Jy mag nie voor hulle in aanbidding buig nie, en jy mag hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is ’n besitlike God, wat kinders laat boet vir die sondeskuld van ouers, selfs die derde en vierde geslag van hulle wat My verwerp

Eksodus 34:7: wat troue liefde vir duisende bly handhaaf, wat skuld, oortreding en sonde vergewe, maar wat beslis niks ongestraf laat nie, wat vir die sondeskuld van ouers, kinders en kleinkinders laat boet, ook die derde en vierde geslag.”

Psalm 5:6: Verwaande mense kan voor U oë nie staande bly nie; U het ’n weersin in almal wat onreg pleeg.

Psalm 50:21: Hierdie dinge het jy gedoen, maar Ek het stilgebly. Jy het gedink Ek is net soos jy! Ek gaan jou teregwys en vir jou die saak duidelik uiteensit.

Nahum 1:2: Die HERE is ’n besitlike God, en Hy wreek Hom. Die HERE neem wraak met woede. Die HERE wreek Hom op sy teenstanders, Hy is toornig teenoor sy vyande.

Romeine 1:18: Die toorn van God word vanaf die hemel geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van mense wat volhou om die waarheid deur ongeregtigheid te probeer onderdruk,

Efesiërs 5:6: Laat niemand julle verlei met niksseggende redenasies nie, want daardeur kom die toorn van God oor die seuns van die ongehoorsaamheid.


Hebreërs 9:27: En net soos dit bestem is vir mense om slegs een maal te sterf, en daarna kom die oordeel,

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 4

Vraag 10: Wil God hierdie ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?

Antwoord: Nee, glad nie; inteendeel, sy toorn is verskriklik sowel oor die erfsonde as oor die sonde wat ons self doen: Hy wil dit in die tyd en in die ewigheid met ’n regverdige oordeel straf. Hy het immers gesê: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie.




Deuteronomium 27:26: Vervloek is die een wat die woorde van hierdie wet nie bevestig deur dit uit te leef nie.’ En die hele volk moet ‘Amen’ sê.”

Galasiërs 3:10: Trouens, diegene wat op die uitvoering van die wet staatmaak, val onder ’n vloek, want daar staan geskryf: “Vervloek is elkeen wat nie hou by alles wat in die Wet geskryf staan, en dit nie uitvoer nie.”

Vraag 11: Is God dan nie ook barmhartig nie?

Antwoord: God is wel barmhartig;




Eksodus 20:6: maar troue liefde bewys aan duisende, aan hulle wat My liefhet en my gebooie nakom.

Eksodus 34:6–7: Die HERE het reg voor hom verbygegaan en uitgeroep: "Die HERE, die HERE, 'n barmhartige en genadige God, geduldig, oorvloedig in troue liefde en waarheid, wat troue liefde vir duisende bly handhaaf, wat skuld, oortreding en sonde vergewe, maar wat beslis niks ongestraf laat nie, wat vir die sondeskuld van ouers, kinders en kleinkinders laat boet, ook die derde en vierde geslag."

Heidelbergse Kategismus Sondag: 4

Vraag 11: Is God dan nie ook barmhartig nie?

Antwoord: God is wel barmhartig; maar Hy is ook regverdig.



Eksodus 20:5: Jy mag nie voor hulle in aanbidding buig nie, en jy mag hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is ’n besitlike God, wat kinders laat boet vir die sondeskuld van ouers, selfs die derde en vierde geslag van hulle wat My verwerp

Eksodus 23:7: Van vals beskuldigings moet jy wegbly. Die onskuldige en regverdige moet jy nie om die lewe bring nie, want Ek sal ’n skuldige nie regverdig verklaar nie.

Eksodus 34:7: wat troue liefde vir duisende bly handhaaf, wat skuld, oortreding en sonde vergewe, maar wat beslis niks ongestraf laat nie, wat vir die sondeskuld van ouers, kinders en kleinkinders laat boet, ook die derde en vierde geslag.”

Psalm 5:5–6: Ja, U is ’n God wat goddeloosheid nie duld nie; boosheid kan by U nie vertoef nie. Verwaande mense kan voor U oë nie staande bly nie; U het ’n weersin in almal wat onreg pleeg.

Psalm 7:10: Beëindig tog die boosheid van goddeloses; maar hou die regverdiges staande, U wat hart en niere toets.

Nahum 1:2–3: Die HERE is ’n besitlike God, en Hy wreek Hom. Die HERE neem wraak met woede. Die HERE wreek Hom op sy teenstanders, Hy is toornig teenoor sy vyande. Die HERE is geduldig, maar geweldig sterk. Die HERE laat beslis niks ongestraf nie. Deur donderstorm en orkaan loop sy pad, wolke is die stof van sy voete.

Vraag 11: Is God dan nie ook barmhartig nie?

Antwoord: God is wel barmhartig; maar Hy is ook regverdig. Daarom eis sy geregtigheid dat die sonde wat teen die allerhoogste majesteit van God gedoen is; ook met die swaarste straf gestraf moet word – dit is met die ewige straf aan liggaam en siel.

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 4

SONDAG: 4 – VRAAG EN ANTWOORD: 9

Vraag: Doen God die mens dan nie onreg aan as Hy in sy wet van hom eis wat hy tog nie kan doen nie?

Antwoord: Nee[1], want God het die mens so geskep dat hy dit kon doen[2]. Maar die mens het homself en sy hele nageslag as gevolg van die aanhitsing van die duiwel[3] en deur moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes beroof.

1 Genesis 1:26–27; Efesiërs 4:24
2 Genesis 3:13; 1 Timoteus 2:13–14
3 Genesis 3:4–6.; Romeine 5:12

SONDAG:4 – VRAAG EN ANTWOORD: 10

Vraag: Wil God hierdie ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?

Antwoord: Nee, glad nie; inteendeel, sy toorn is verskriklik[1] sowel oor die erfsonde as oor die sonde wat ons self doen: Hy wil dit in die tyd en in die ewigheid met ’n regverdige oordeel straf[2]. Hy het immers gesê: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie[3].

1 Genesis 2:17
2 Eksodus 20:5; Eksodus 34:7; Psalm 5:6; Psalm 50:21; Nahum 1:2; Romeine 1:18; Efesiërs 5:6; Hebreërs 9:27
3 Deuteronomium 27:26; Galasiërs 3:10

SONDAG:4 – VRAAG EN ANTWOORD: 11

Vraag: Is God dan nie ook barmhartig nie?

Antwoord: God is wel barmhartig[1]; maar Hy is ook regverdig[2]. Daarom eis sy geregtigheid dat die sonde wat teen die allerhoogste majesteit van God gedoen is; ook met die swaarste straf gestraf moet word – dit is met die ewige straf aan liggaam en siel.

1 Eksodus 34:6–7; Eksodus 20:6
2 Eksodus 20:5; Eksodus 23:7; Eksodus 34:7; Psalm 5:5–6; Psalm 7:10; Nahum 1:2–3

Kopiereg

© 2026